Western Cape Government
Economic Development and Tourism

Covid-19 Werkplek Veiligheidskontrolelys

WERKPLEK GEREEDHEID	J	N
Werkplekplan reeds ontwikkel (insluitend risikobepaling)		
Gemeenskaplike areas geïdentifiseer bv. ingange, eetruimtes/kombuise, werkstasies, gange, toilette, ontvangs van goedere		
Areas/toerusting/stasies met 'n hoë aanraking bv. deurhandvatsels, ligskakelaars, hysbakknoppe, draaihekke geïdentifiseer		
Identifiseer werknemers wat risiko lei (> 60 jaar en / of wat aan onderliggende toestande ly, bv. hartsiektes, diabetes, chroniese asemhalingsiektes en kanker)		
Laat werknemers wat risiko ly, van die huis af werk waar moontlik; verander die aard van hul werk, isoleer hul werkstasie of plaas hulle op spesiale verlof indien die ander opsies nie moontlik is nie		
Werknemers wat van die huis af werk, word in staat gestel om dit te doen		
Deel werknemers in kleiner spanne op / stel spanskofte in en vermy interaksies tussen spanne –vir werk, indien moontlik, asook vir pouses. Omskryf waar moontlik die areas waar elke span werk		
Lei werknemers op – wat infeksies voorkom, PPE gebruik, positiewe gevalle en siek werknemers bestuur, en angstigheid aanspreek.		
Onderneem kommunikasie met kliënte		

BESKERMING VAN KLIËNTE	J	N
Handontsmetmiddels is beskikbaar by ingange / uitgange van die winkel met iemand teenwoordig wat dit toedien		
Maksimum aantal kliënte word toegelaat volgens die reël van 6m²/ persoon		
Toegangsbeheer / toubeheer in plek om sosiale distansiëring van ten minste 1,5 m te verseker		
Alle personeellede / kliënte dra maskers		
Ontsmettingslappies of ontsmetmiddel beskikbaar vir trollies en mandjies		
Handhaaf van sosiale distansiëring in die winkel en by betaalpunte van 1,5 m		
Skoonmaak en ontsmettingsprotokol in plek vir areas wat gereeld aangeraak word, dit wil sê yskashandvatsels, vrieskaste en rekords wat gehou word		
Toonbankoppervlakke word voor en na elke kliënt ontsmet		

This checklist was compiled using the Western Cape Department of Health Guidelines on Preventing & Managing Coronavirus Infections in the Workplace (6 May 2020), the Department of Labour Regulations (4 June 2020) & the City of Cape Town Environmental Health guidelines.

Kredietkaartmasjiene word voor en na gebruik deur elke kliënt ontsmet		
Kassier ontsmet hande voor en na elke kliënt		
Penne wat vir handtekening gebruik word, word voor en na elke kliënt ontsmet		
Fisieke hindernisse / gesigskerms word voorsien waar sosiale distansiëring tussen werkers en die publiek nie moontlik is nie		
Ablusiegeriewe in die winkel vir kliënte wat ook van voldoende en gepaste handewasgeriewe voorsien is		
Alle areas soos toilette, gemeenskaplike ruimtes, deurhandvatsels en gedeelde eletroniese toerusting word gereeld skoongemaak en ontsmet		
Afleweringsvoertuigbestuurders se persoonlike higiëne is bevredigend		
Houers vir voedselprodukte in of op afleweringsvoertuie word voor en na elke tuisaflewering ontsmet		

BESKERMING VAN WERKNEMERS	J	N
Personeelopleiding oor Covid-19 word uitgevoer en opgeteken		
'n Daaglikse simptome-ondersoek word gedoen deur alle personeellede tuis of met hul aankoms elke dag – bv. koors, hoes, seer keel, rooi oë of kortasem; liggaamspyn, verlies aan reuk of verlies aan smaak, naarheid, braking, diarree, swakheid of moegheid		
Alle werknemers het die nodige maskers vir dra by die werkplek en ook vir reis op pad werk toe en huis toe		
Handontsmetmiddels en / of wasgeriewe is beskikbaar vir personeel op strategiese punte oral in die besigheid		
Skoonmaak-en ontsmettingsprotokol is in plek en word aan alle werknemers gekommunikeer		
Sosiale distansiëring van 1.5m word op alle terreine van die onderneming, insluitend werkruimtes, winkels en eetruimtes/kombuise toegepas		
Bewusmakingsplakkate / -pamflette word verskaf		
Fisieke hindernisse word voorsien tussen werkers wat in afgeslote ruimtes werk (nie gesigskerms nie)		
Die werkplek word op natuurlike of meganiese wyse goed geventileer		
Handskoene word nie gebruik nie, behalwe vir skoonmaakpersoneel		
Voldoende reëlings is in plek om sosiale distansiëring tussen personeellede en afleweringspersoneel in ontvangsareas te verseker		
Verseker dat aflewerings of dienste aan kliënte, alle veilige praktyke volg, bv. kontrakteurs in huise		
Verseker dat handwasfasiliteite met seep en weggooibare handdoeke vir personeel verskaf word in personeelkamers en in produksie-areas		

Vervoer word vir werknemers voorsien waar moontlik; sosiale distansiesëring word in sulke vervoer toegepas, insluitend van die dra van maskers		
Veilige praktyke word aangemoedig waar veroer gedeel word en by die gebruik van openbare vervoer		

REËLINGS WANNEER 'N PERSONEELLID POSITIEF GETOETS IS	J	N
Protokol in plek en gekommunikeer waneer 'n personeellid positief toets vir of simptome van Covid-19 toon, wat die volgende insluit:		
As iemand simptome toon, stuur hom/haar vir toetsing indien > 55 jaar oud / of aan 'n komorbiditeit ly		
Verseker dat werknemers wat positief toets of simptome toon, selfisoleer – kontak WK Dept Gesondheid indien die werknemer nie kan selfisoleer nie		
Identifiseer en bestuur noue kontak (noue kontak: <1m; >15 min); stuur huis toe vir selfisolering; toets of simptomaties is en voldoen aan kriteria (>55 jaar en / of met komorbiditeit		
Diep skoonmaak van die geaffekteerde area – sluit besigheid vir skoonmaak indien 'n groot deel daarvan geraak is		
Indien positiewe uitslag, kontak die Wes-Kaapse Department van Gesondheid, WorkplaceCovidReporting@westerncape.gov.za of https://coronavirus.westerncape.gov.za/reporting-covid-19-workplace		
Probeer vasstel hoe die werknemer geïnfekteer kon gewees het en stel stappe in om verspreiding van infeksie te voorkom		
Hou aan om werknemers te ondersoek vir tekens van moontlike coronavirusinfeksie		
Moontlike tydelike sluiting van die werkplek indien nodig vir diep skoonmaak en kontakopsporing		
Heropening van die werkplek		
Bevestiging dat die perseel skoongemaak en gedekontamineer is		